



OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

1/- Woensdag, 1 Julie 1936.

WINDHOEK

Wednesday, 1st July, 1936.

No. 677

INHOUD.

CONTENTS.

	<i>Bladsy.</i>		<i>Page.</i>
Proklamasies —		Proclamations —	
No. 106/1936 (Unie). Uitlegging van paragraaf (c) van die voorbehoud van sub-artikel (1) van Artikel <i>een</i> van Proklamasie No. 240 van 1935 (Unie)	289	No. 106/1936 (Union). Interpretation of paragraph (c) to the proviso to sub-section (1) of Section <i>one</i> of Proclamation No. 240 of 1935 (Union)	289
No. 17. Mynwet Wysigingsproklamasie 1936	290	No. 17. Mining Law Amendment Proclamation, 1936	290
No. 18. Distrikspad, Luderitz: Proklamering van	290	No. 18. District Road, Luderitz: Proclamation of	290
No. 19. Diamantnywerheid Beskerming Wysigingsproklamasie 1936	291	No. 19. Diamond Industry Protection Amendment Proclamation, 1936	291
No. 20. Verdere Verdaging van die Wetgewende Vergadering	291	No. 20. Further Prorogation of the Legislative Assembly	291
No. 21. Naturelle-reserwe Trustfonds Wysigingsproklamasie 1936	292	No. 21. Native Reserves Trust Funds Amendment Proclamation, 1936	292
Goewermentskennisgewings —		Government Notices —	
No. 106. Reël vir Magistraatshowe in Suidwes-Afrika: Tarief van Getuiefooie	293	No. 106. Rule for Magistrates' Courts in South West Africa: Tariff of Witness Fees	293
No. 107. Spesiale Vrederegters: Aanstellings as	294	No. 107. Special Justices of the Peace: Appointments as	294
No. 108. Gewetensgeld	294	No. 108. Conscience Money	294
No. 109. Raad van Inspekteurs vir die ondersoek van rolprente	294	No. 109. Board of Inspectors for the purpose of examining films	294
Algemene Kennisgewings —		General Notices —	
No. 31. Lys van Plase onder Kwarantyn op 10 Junie 1936	295	No. 31. List of Farms under quarantine as at 10th June, 1936	295
No. 32. Sluiting van 'n Gebied vir prospekteer en aphen; Seksie 11 van die Keiserlike Myn-ordonnansie 1905 soos gewysig	295	No. 32. Closure of an area to prospecting and pegging under Section 11, Imperial Mining Ordinance, 1905, as amended	295
Advertensies —		Advertisements —	
Boedelkennisgewings, ens.	296	Estate Notices, etc., etc.	296

PROKLAMASIE

VAN LUITENANT-KOLONEL SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE DIE GRAAF VAN CLARENDON, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES ONDERSKEIE ORDE VAN SAINT MICHEL EN SAINT GEORGE, GOEWERNEUR-GENERAAL EN OPPERBEVELHEBBER IN EN OOR DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 106 (Unie).]

NADEMAAL dit die bedoeling was dat die bepalings van paragraaf (c) van die voorbehoud van sub-artikel (1) van Artikel *een* van Proklamasie No. 240 van 1935, uitgevaardig uit kragte van Artikel *een* van die Vredesverdrag en Suidwes-Afrika Mandaat-Wet 1919 (Wet No. 49 van 1919) alleen van toepassing sou wees op goed wat gekoop en ten volle betaal is deur invoerders in die Unie (soos omskrywe in Artikel *honderd en neëntien* van die Wet op het Beheer van de Doeane 1913 (Wet No. 9 van 1913)) op of voor die veertiende dag van November 1935;

EN NADEMAAL voormelde paragraaf (c) te alle tyd werklik aldus uitgelê is deur die Kommissaris van Doeane en Aksyns in administratiewe handelings verrig uit kragte van voormelde proklamasie;

EN NADEMAAL twyfel ontstaan het oor die juistheid van hierdie interpretasie;

EN NADEMAAL dit nodig geword het om nog ander reëlins te tref;

SO IS DIT dat ek, uit kragte van die bevoegdheid aan my verleen by Artikel *een* van die voormelde Vredesverdrag en Suidwes-Afrika Mandaat-Wet hierby verklaar, proklameer en bekendmaak as volg:—

(1) Die uitleg deur die Kommissaris van Doeane en Aksyns aan voormelde paragraaf (c) gegee in die sin dat dit alleen betrekking het op goed wat gekoop en ten volle betaal is deur invoerders in die Unie (soos in die aanhef hiervan omskrywe) op of voor die veertiende dag van November 1935, word hierby bekragtig. Voormelde paragraaf word geag sodanige betekenis te gehad het van die datum waarop die Proklamasie in werking getree het. Alle handelings deur die Kommissaris van Doeane en Aksyns verrig as gevolg van sodanige interpretasie van voormelde paragraaf (c) word hierby bevestig en bekragtig.

(2) Nieteenstaande iets vervat in voormelde Proklamasie soos hierby geïnterpreteer, staan dit die Kommissaris van Doeane en Aksyns, na sy oordeel, vry om ontslag van beslaglegging en toestemming tot invoer in die Unie te verleen aan Italiaanse goed (soos omskrywe in sub-artikel (1) van artikel *een* van voormelde Proklamasie) wat gekoop en ten volle betaal is deur iemand anders as 'n Unie-invoerder op of voor die veertiende dag van November 1935 mits sulke goed verskeep is na die Unie vir invoer in die Unie op of voor die een-en-dertigste dag van Desember 1935.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die twee-en-twintigste dag van April Eenduisend, Negehoonderd Ses-en-dertig.

CLARENDON,
Goewerneur-Generaal.

Op las van Sy Eksellensie
die Goewerneur-Generaal-in-Rade.

J. B. M. HERTZOG.

PROCLAMATION

BY LIEUTENANT-COLONEL HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE THE EARL OF CLARENDON, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, KNIGHT GRAND CROSS OF THE MOST DISTINGUISHED ORDER OF SAINT MICHAEL AND SAINT GEORGE, GOVERNOR-GENERAL AND COMMANDER-IN-CHIEF IN AND OVER THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 106 (Union).]

WHEREAS it was intended that the provisions of paragraph (c) of the proviso to sub-section (1) of Section *one* of Proclamation No. 240, 1935, issued under Section *one* of the Treaty of Peace and South West Africa Mandate Act, 1919 (Act No. 49 of 1919), should be applied only to goods bought and paid for in full by importers in the Union (as defined in Section *one hundred and nineteen* of the Customs Management Act, 1913 (Act No. 9 of 1913)) on or before the fourteenth day of November, 1935;

AND WHEREAS the said paragraph (c) has at all times actually been interpreted as above by the Commissioner of Customs and Excise in administrative acts done under the said Proclamation;

AND WHEREAS doubts have arisen as to the correctness of such interpretation;

AND WHEREAS it has become necessary to make certain other and further provisions;

NOW, THEREFORE, under and by virtue of the powers vested in me under Section *one* of the aforesaid Treaty of Peace and South West Africa Mandate Act, I do hereby declare, proclaim and make known as follows:

1. The interpretation by the Commissioner of Customs and Excise of the said paragraph (c) as referring only to goods bought and paid for in full by importers in the Union (as described in the preamble hereof) on or before the fourteenth day of November, 1935, is hereby confirmed. The said paragraph shall be deemed to have had such meaning as from the date of the commencement of the said Proclamation. All acts done by the Commissioner of Customs and Excise in pursuance of such interpretation of the said paragraph (c) are hereby confirmed and ratified.

2. Notwithstanding the provisions of the said Proclamation as hereby interpreted, it shall be lawful for the Commissioner of Customs, in his discretion, to waive seizure and to permit the importation into the Union of Italian goods as (described in sub-section (1) of Section *one* of the said Proclamation) bought and paid for in full by any person other than a Union importer on or before the fourteenth day of November, 1935, provided that such goods shall have been shipped to the Union, for importation into the Union, on or before the thirty-first day of December, nineteen hundred and thirty-five.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town this twenty-second day of April, One thousand Nine hundred and Thirty-six.

CLARENDON,
Governor-General.

By Command of His Excellency
the Governor-General-in-Council.

J. B. M. HERTZOG.

PROKLAMASIE

VAN SY EDELE DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 17 van 1936.]

NADEMAAL dit raadsaam is om die bepalings te wysig van die Keiserlike Mynordonnansie van Duits Suidwes-Afrika van die agste dag van Augustus 1905, soos gewysig deur Proklamasies van die Administrateur No. 24 van 1919, 12 van 1920, 59 van 1920, 29 van 1921, 11 van 1923, 15 van 1925, 10 van 1926, 17 van 1934, en 21 van 1934;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdheid my verleen, hierby proklameer, verklaar en bekendmaak as volg:—

1. In hierdie Proklamasie beteken die uitdrukking “die hoofwet” die Keiserlike Mynordonnansie van Duits Suidwes-Afrika van die agste dag van Augustus 1905, soos van tyd tot tyd gewysig.

2. (1) Artikel *een* van die hoofwet word hierby gewysig deur item (2) van paragraaf B te skrap en dit deur die volgende item te vervang:—

“(2) Mika en half-edelgesteentes, benewens asbes, vloei-spaat en dubbel- of optiese spaat.”

3. (1) Ondanks die bepalings van die hoofwet, mag geen persoon behalwe ’n grondeienaar voor die 30ste dag van September 1936 op sodanige grond vir dubbelspaat soek of dit afsteek nie; met dien verstande dat, indien ’n grondeienaar sy reg tot dubbelspaat wat op of in sy eiendom voorkom aan ’n ander persoon cedeer, die cessionaris of enig ander persoon aan wie die genoemde regte weer mag gecedeer geword het, die reg sal hê wat hierby aan die eienaar voorbehou word binne die perke en met inagneming van die bepalings van die cessie; en met die verdere verstande dat enige regte deur ’n eienaar of cessionaris kragtens die bepalings van hierdie subartikel verwerf, onderhewig sal wees aan enige regte wat verwerf was voordat die regte van die eienaar of cessionaris verwerf is.

(2) Indien die grondeienaar of die cessionaris van die regte tot dubbelspaat van sodanige eienaar, kragtens die bepalings van subartikel (1) dubbelspaat afsteek op grond waarvoor daar alreeds ’n prospekterkleim bestaan of wat in ’n myngebied ingesluit is, dan moet alle dubbelspaat wat uit sodanige grond ontgin word, op aanvraag aan hom oorgegee word teen betaling van die ontginnings- en bedryfskoste van die mineraal.

4. Hierdie Wet moet as een gelees word met die hoofwet. Dit tree in werking op die 1ste dag van Julie 1936, en kan aangehaal word as die Mynwet Wysigingsproklamasie 1936.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hede die sestiende dag van Junie 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

No. 18 van 1936.]

Ingevolge en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vier* van die Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 15 van 1927), verklaar ek hierby die pad in die Distrik Luderitz, soos in die aangehegte bylae omskryf, ’n distrikspad.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek hierdie 9de dag van Maart 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

BYLAE.

DISTRIKSPAD.

No. 48. Vanaf ’n punt op Hoofpad No. 2 op die plaas KLEIN AUS NO. 8, suidweswaarts oor die plase KLEIN AUS NO. 8 en HEINRICHSFELDE No. 10 tot by die plek GRASPFORTE geleë op laasgenoemde plaas; vandaar algemeen weswaarts oor die plase HEINRICHSFELDE No. 10 en TSIRUB No. 13 tot waar dit aansluit by Distrikspad No. 47 by die opstal op laasgenoemde plaas.

PROCLAMATION

By HIS HONOUR DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA

No. 17 of 1936.]

WHEREAS it is expedient to amend the provisions of the Imperial Mining Ordinance for German South West Africa of the 8th day of August, 1905, as amended by Proclamations of the Administrator No. 24 of 1919, 12 of 1920, 59 of 1920, 29 of 1921, 11 of 1923, 15 of 1925, 10 of 1926, 17 of 1934 and 21 of 1934;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. In this Proclamation the expression “the principal law” means the Imperial Mining Ordinance for German South West Africa of the eighth day of August 1905, as amended from time to time.

2. (1) Section *one* of the principal law is hereby amended by the deletion of item (2) of paragraph B and the substitution therefor of the following item:—

“(2) Mica and semi-precious stones, as well as asbestos, fluorspar and Iceland or optical spar.”

3. (1) Notwithstanding anything in the principal law contained, no person other than an owner of land shall prior to the 30th day of September, 1936, search for and peg Iceland Spar on that land; provided that if any owner of land shall have ceded to any other person any of his rights to Iceland spar occurring on or in the land owned by him, the cessionary, or any person to whom, in turn the said rights shall have been ceded, shall have the right hereby reserved to the owner to the extent of and subject to the terms of the cession; and provided further that any rights acquired by any owner or cessionary under the provisions of this sub-section shall be subject to any rights acquired prior to the acquisition of the rights of the owner or cessionary.

(2) If the owner of land or cessionary of the rights of such owner to Iceland spar shall, under the provisions of sub-section (1), peg Iceland spar on any ground covered by a prospecting claim or mining area already in existence, all Iceland spar won on such ground shall be surrendered to him on request, against payment of the costs of winning and working such mineral.

4. This Proclamation shall be read as one with the principal law, and shall come into operation as from the 1st day of July, 1936, and may be cited as the Mining Law Amendment Proclamation, 1936.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this sixteenth day of June, 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

No. 18 of 1936.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *four* of the Roads and Outspans Ordinance 1927 (Ordinance No. 15 of 1927), I do hereby declare the road in the District of Luderitz described in the Schedule annexed hereto, to be a District Road.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 9th day of March, 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

SCHEDULE.

DISTRICT ROAD.

No. 48. From a point on Main Road No. 2 on the farm KLEIN AUS No. 8, south westwards via the farms KLEIN AUS No. 8 and HEINRICHSFELDE No. 10 to the place GRASPFORTE situate on the last mentioned farm, thence continuing generally westwards via the farms HEINRICHSFELDE No. 10 and TSIRUB No. 13, to connect with district road No. 47 at the homestead on the lastmentioned farm.

No. 19 van 1936.]

NADEMAAL dit raadsaam is om die wet vir die beskerming van die diamantnywerheid te wysig;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdheid my verleen, hiermee proklameer, verklaar en bekend maak as volg:—

1. Die eerste bylae van die "Beschermting van de Diamant-industrie Proklamatie 1922" (Proklamatie No. 26 van 1922), soos aangevul deur Goewermentskennisgewing No. 176 van die ses-en-twintigste dag van Oktober 1928, en soos gewysig deur die Diamant Nywerheid Beskermings Proklamasie Wysigingsproklamasie 1929 (Proklamasie No. 17 van 1929), word hierby verder gewysig deur die tweede deel daarvan te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

"(2) *Wegen open voor het publiek zonder permit.*

- (a) Dat gedeelte van Hoofdweg No. 2 welk binnen het Diamantgebied No. 1 valt en welk in de eerste bijlage van Proklamatie No. 22 van 1932 als volgt omschreven is:—

"Die pad van Luderitz na Aus. Vanaf die plek waar hierdie pad oor die grens van die gereserveerde gebied van Luderitz die Sperrgebiet ingaan, d.w.s. op 'n punt 0.6 myle oos van die kerkhof, loop dit langs die pad tussen Luderitz en Kolmanskop na 'n punt 4.7 myle vanaf die spoorwegstasie van Luderitz waar die privaatpad van die "Consolidated Diamond Mines of South West Africa Company, Limited" afdraai. Daarvandaan draai dit ooswaarts en loop dit tussen Charlottental en Kolmanskop noord van die spoorlyn van Luderitz na Aus tot by die plek waar dit die spoorlyn 15.7 myle vanaf Luderitz kruis. Vanaf hierdie punt loop dit noord van Dreikaiserkop, 18 tot 19 myl vanaf Luderitz, en suid van die spoorlyn na die spoorweghalte Haalenberg waar dit weer die spoorlyn kruis en daarna noord van die spoorlyn by die spoorweghaltes Tschaukaib en Garub verby loop tot waar dit die spoorlyn kruis, d.w.s. ongeveer by myl 69 en weer by myl 73. Daarvandaan loop dit noord van die spoorlyn by Narisis verby waar dit oor die grens van die Sperrgebiet gaan, d.w.s. op 'n punt myl 77 vanaf Luderitz. Daarvandaan loop dit oor die plaas Klein Aus No. 8, Dorp Aus en Dorpsgronde No. 36 na die Dorp Aus".

- (b) De Distriktsweg No. 47 welke in de tweede bijlage van Proklamatie No. 22 van 1932 als volgt omschreven is:—

"Vanaf die woonhuis op plaas Tsirub No. 13 noordwaarts oor die plaas Tsirub No. 13 en oop regeringgrond tot waar dit aansluit by hoofpad No. 2 by die spoorweghalte Garub."

- (c) Dat gedeelte van Distriktsweg No. 48 welk binnen het Diamantgebied No. 1 valt en welk in de bijlage van Proklamatie No. 18 van 1936 als volgt omschreven is:—

"Vanaf 'n punt op Hoofpad No. 2 op die plaas Klein Aus No. 8, suidweswaarts oor die plase Klein Aus No. 8 en Heinrichsfelde No. 10 tot by die plek Graspforte geleë op laasgenoemde plaas; vandaar algemeen weswaarts oor die plase Heinrichsfelde No. 10 en Tsirub No. 13 tot waar dit aansluit by Distrikspad No. 47 by die opstal op laasgenoemde plaas."

2. Hierdie Proklamasie kan aangehaal word as die Diamantnywerheid Beskerming Wysigingsproklamasie 1936.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hede die 17de dag van Junie 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

No. 19 of 1936.]

WHEREAS it is expedient to amend the law relating to the protection of the diamond industry;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. The First Schedule to the Diamond Industry Protection Proclamation, 1922 (Proclamation No. 26 of 1922), as added to by Government Notice No. 176 dated the twenty-sixth day of October, 1928, and as amended by the Diamond Industry Protection Proclamation Amendment Proclamation, 1929 (Proclamation No. 17 of 1929), is hereby further amended by the deletion of the second portion thereof, and the substitution therefor of the following:—

"(2) *Roads open to public without permit.*

- (a) That portion of Main Road No. 2 falling inside the Diamond Area No. 1 and defined in the First Schedule to Proclamation No. 22 of 1932, as follows:—

"The road from Luderitz to Aus. This road from where it crosses the boundary of the reserved area of Luderitz into the Sperrgebiet at a point 0.6 miles east of the cemetery follows the road between Luderitz and Kolmanskop to a point 4.7 miles distant from Luderitz Railway station where the private road of the Consolidated Diamond Mines of South West Africa Company Limited, branches off. From there it turns East and passes between Charlottental and Kolmanskop, runs North of the railway line Luderitz to Aus up to 15.7 miles from Luderitz where the railway line is crossed. From this point it passes North of Dreikaiserkop, 18 to 19 miles from Luderitz, and running South of the railway line to Haalenberg Siding, where it again crosses and then runs North of the railway line past Tschaukaib and Garub railway Sidings to where it crosses the railway line at approximately mile 69 and again at mile 73, thence running North of the railway line past Narisis where it crosses the boundary of the Sperrgebiet at a point mile 77 from Luderitz, thence via the farm Klein Aus No. 8 and Aus Town and Townlands No. 36 to the Township of Aus."

- (b) The District Road No. 47 defined in the Second Schedule to Proclamation No. 22 of 1932, as follows:—

"From the homestead on the farm Tsirub No. 13 northwards via the farm Tsirub No. 13 and open Government land to connect with Main Road No. 2 at Garub Railway Siding."

- (c) That portion of District Road No. 48 falling inside the Diamond Area No. 1 and defined in the Schedule to Proclamation No. 18 of 1936, as follows:—

"From a point on Main Road No. 2 on the farm Klein Aus No. 8, south-westwards via the farms Klein Aus No. 8 and Heinrichsfelde No. 10 to the place Graspforte situate on the lastmentioned farm, thence continuing generally westwards via the farms Heinrichsfelde No. 10 and Tsirub No. 13 to connect with district road No. 47 at the homestead on the lastmentioned farm."

2. This Proclamation may be cited as the Diamond Industry Protection Amendment Proclamation, 1936.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 17th day of June, 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

No. 20 van 1936.]

NADEMAAL deur subartikel (3) van artikel *neëntien* van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925", van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, voorsiening gemaak word dat die Administrateur van tyd tot tyd deur Proklamasie die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika kan prorogeer;

No. 20 of 1936.]

WHEREAS by sub-section (3) of section *nineteen* of the South West Africa Constitution Act, 1925, of the Parliament of the Union of South Africa, it is provided that the Administrator may from time to time by Proclamation prorogue the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa;

EN NADEMAAL die genoemde Vergadering deur Proklamasie, gedateer die derde dag van April 1936, uitgevaardig kragtens die magte verleen aan die Administrateur by subartikel (3) van artikel *neëntien* van die genoemde Wet, geprorogeer is tot die dertigste dag van Junie 1936;

EN NADEMAAL dit wenslik is dat die Wetgewende Vergadering vir 'n verder tydperk geprorogeer word;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdheid en mag my verleen, deur hierdie Proklamasie die genoemde Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika prorogeer tot die 25ste dag van September 1936.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hede die 20ste dag van Junie 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

No. 21 van 1936.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet met betrekking tot die heffing van tariewe en fooie op inwoners van natuurlike reserwes te wysig;

SO IS DIT dat ek, onder en kragtens die bevoegdheid aan my verleen, hiermee proklameer, verklaar en bekend maak, as volg:—

1. In hierdie Proklamasie beteken die uitdrukking “die hoofproklamasie” “De Naturelle Reservaten-Trustfonds Administrasie Proklamasie, 1924” (Proklamasie No. 9 van 1924), soos gewysig deur die Naturelle-administrasie-Proklamasie 1928 (Proklamasie No. 15 van 1928).

2. Artikel *ses* van die hoofproklamasie word hiermee gewysig —

(a) deur die toevoeging van die volgende woorde aan die einde van subartikel (1) daarvan:—

“en, in het geval van het Berseba Hottentotgebied of het Bondels-reservaat, weigelden van alle eienaars van daarin gehoude vee te heffen”;

(b) deur die toevoeging onmiddellik na die woorde “twintig shillings” wat in subartikel (2) daarvan voorkom, van die woorde “jaarliks” en na die woorde “te boven gaande” van die woorde “en de weigelden zullen zodanige bedragen per stuk van de verschillende soorten vee maandeliks zijn niet de door het besluit goedgekeurde bedragen te bovengaande”;

(c) deur die toevoeging onmiddellik na die woorde “betaald moet worden”, wat in subartikel (3) daarvan voorkom, van die woorde “en de datums waarop de weigelden betaalbaar zijn, zoals het geval mag wees”;

(d) deur die toevoeging onmiddellik na die woorde “De belasting” wat in subartikel (4) daarvan voorkom van die woorde “of de weigelden, zoals het geval mag wees”.

3. Artikel *sewe* van die hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die invoeging van die woorde “of weigelden” onmiddellik na die woord “belasting”, oorsal waar daardie woord in subartikel (1) daarvan voorkom.

4. Artikel *agt* van die hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die toevoeging van die woorde “of weigelden” onmiddellik na die woord “belasting” wat daarin voorkom.

5. Hierdie Proklamasie kan aangehaal word as die Naturelle-reserwe Trustfonds Wysigingsproklamasie 1936.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hede die 18de dag van Junie 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

AND WHEREAS by Proclamation dated the third day of April, 1936, issued under the powers vested in the Administrator by sub-section (3) of section *nineteen* of the said Act, the said Legislative Assembly was prorogued until the thirtieth day of June, 1936;

AND WHEREAS it is expedient that the Assembly should be prorogued for a further period;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the power and authority in me vested, I do by this Proclamation prorogue the said Legislative Assembly for the Territory of South West Africa until the 25th day of September, 1936.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 20th day of June, 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

No. 21 of 1936.]

WHEREAS it is expedient to amend the law relating to the levying of rates and fees upon the inhabitants of native reserves;

NOW THEREFORE under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. In this Proclamation the expression “the principal Proclamation” means the Native Reserves Trust Funds Administration Proclamation, 1924 (Proclamation No. 9 of 1924), as amended by the Native Administration Proclamation, 1928 (Proclamation No. 15 of 1928).

2. Section *six* of the principal Proclamation is hereby amended —

(a) by the addition of the following words at the end of sub-section (1) thereof:—

“and, in the case of the Berseba Hottentot Territory or the Bondels Reserve, to levy grazing fees on all owners of stock kept therein”;

(b) by the addition immediately after the words “twenty shillings” occurring in sub-section (2) thereof of the words “per annum, and the grazing fees shall be of such amounts per head of the several classes of stock per month not exceeding the amounts approved by the resolution”;

(c) by the addition of the following words at the end of sub-section (3) thereof:—

“and the dates on which the grazing fees shall be payable, as the case may be”;

(d) by the addition immediately after the words “the rate” occurring in sub-section (4) thereof of the words “or the grazing fees, as the case may be”.

3. Section *seven* of the principal Proclamation is hereby amended by the insertion of the words “or grazing fees” immediately after the word “rate”, wherever that word occurs in sub-section (1) thereof.

4. Section *eight* of the principal Proclamation is hereby amended by the addition of the words “or grazing fees” immediately after the word “rate” occurring therein.

5. This Proclamation may be cited as the Native Reserves Trust Funds Amendment Proclamation, 1936.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 18th day of June, 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek,

No. 106.]

[17 Junie 1936.

Die Administrateur het die onderstaande reël vir Magistraatshowe goedgekeur, wat opgestel is deur die Regter van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika kragtens die bepalings van subartikel (1) van artikel *drie-en-twintig* van die Magistraatshowe Proklamasie 1935 (Proklamasie No. 31 van 1935).

REËL VIR MAGISTRAATSHOWE IN SUIDWES-AFRIKA. TARIEF VAN GETUIEFOOIE BY SIVIELE REGSAKE.

3. (1) Behoudens enige spesiaal andersluidende bepalings in hierdie reël, word 'n getuie wat 'n hof onder dagvaarding in 'n siviele regsding bywoon, 'n toelae vir onderhoud teen die volgende tarief betaal:—

Indeling.	Per dag.
(a) 'n Getuie wat bywoon om vakkundige getuie-nis te lewer of wat lid is van een van die volgende beroepe:— Advokaat, Prokureur, notaris, transportbesorger, geneesheer, chirurg, tandarts, apteker en drogis, siviël-ingenieur, myn-ingenieur, elektriese ingenieur, landmeter, argitek, bestek-opmaker, rekenmeester (publieke), patent-agent, veearts, professor van 'n erkende universiteit of universiteitskollege, offisier van die land- of seemag	£1 1 0
(b) Blanke getuies wat nie onder (a) ingedeel is nie	£0 10 0
(c) 'n Gekleurde persoon, oerinboorlinge van Suid-Afrika uitgesonderd, wat nie onder (a) ingedeel is nie of 'n Afrikaanse naturellehoofman wat as sodanig deur die Goewerment erken is en wat nie onder (a) ingedeel is nie	£0 4 0
(d) 'n Oerinboorling van Suid-Afrika wat nie onder (a) ingedeel is nie	£0 2 0

met die verstande dat 'n geneeskundige praktisyn wat onder klas (a) ingedeel is en wat meer as agtien myl van die hof af woon, 'n toelae van £1.10.0 (een pond tien sjielings) per dag betaal word.

(2) Word die reis na die hof per spoor, poskar, openbare voertuig of stoomboot onderneem, dan word die werklike reisgeld betaal of terugbetaal.

(3) 'n Getuie wat woon of vertoef op 'n plek meer as drie myl van die setel van die hof en wat enige ander vervoermiddel (sy eie ingesluit) gebruik as die wat in artikel *twee* hierbo vermeld word, ontvang 'n toelae vir vervoer-onkoste van sespennies (6d.) per myl in die geval van getuies in klasse (a), (b) en (c) van artikel *een* van hierdie reël, en driepennies (3d.) per myl in die geval van getuies in klas (d), vir die heenreis sowel as die terugreis.

(4) Die daaglikse onderhoudstoelae word betaal vir elke tydperk van vier-en-twintig uur wat in beslag geneem word vir noodwendige bywoning van die hof of noodwendige afwesigheid van die woonplek van die getuie (gedeeltes van 'n dag word as 'n volle dag beskou), asook vir die tyd wat geneem word om na of van die setel van die hof te reis; met die verstande dat die dae toegelaat vir die tydperk waarin gereis word nie in enige geval die getal

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Secretary for South West Africa.

Office of the Administrator,
Windhoek,

No. 106.]

[17th June, 1936.

The Administrator has approved of the Rule for Magistrate's Courts hereto appended, framed by the Judge of the High Court of South West Africa under the provisions of sub-section (1) of section *twenty-three* of the Magistrate's Courts Proclamation, 1935 (Proclamation No. 31 of 1935).

RULE FOR MAGISTRATES' COURTS IN SOUTH WEST AFRICA.

TARIFF OF WITNESS FEES IN CIVIL PROCEEDINGS.

3. (1) Save as herein otherwise specially provided, a witness attending a Court on subpoena in any civil proceedings shall be paid an allowance towards subsistence at the following rates:—

Classification.	Per diem.
(a) A witness attending to give expert evidence or who is a member of one of the following professions:— Advocate, Attorney, Notary Public, Conveyancer, Physician, Surgeon, Dentist, Chemist and Druggist, Civil Engineer, Mining Engineer, Electrical Engineer, Land Surveyor, Architect, Quantity Surveyor, Accountant (Public), Patent Agent, Veterinary Surgeon, Professor of recognized University or University College, Commissioned Officer of Army or Navy	£1 1 0
(b) European witnesses not falling under (a)	£0 10 0
(c) Any coloured person as distinguished from an aboriginal native of South Africa, not falling under (a) or a Native African Chief recognized as such by the Government, not falling under (a)	£0 4 0
(d) Any aboriginal native of South Africa not falling under (a)	£0 2 0

provided that a medical practitioner falling under class (a) who resides more than eighteen miles from the Court shall be paid an allowance at the rate of £1.10.0 (one pound ten shillings) per diem.

(2) Where the journey to the Court is undertaken by means of the railway, post cart, public conveyance, or steamship, the actual fare shall be paid or refunded.

(3) A witness residing or sojourning more than three miles from the seat of the court and using any means of transport (including his own), but other than those defined in section *two* hereof, shall be paid an allowance in aid of transport expenses at the rate of sixpence (6d.) per mile in the case of witnesses under classes (a), (b) and (c) of section *one* of this Rule and threepence (3d.) per mile in the case of witnesses under class (d) for both the forward and return journey.

(4) The daily subsistence allowance shall be paid for each period of twenty-four hours involved in necessary attendance at the court or necessary absence from the place of residence of the witness (portions of a day to be counted as a whole day), including the time actually spent in travelling to and from the seat of court; provided that the days allowed for the period spent in travelling shall not exceed in any

dae bereken op die gesamentlike mylafstand na of van die setel van die hof, te bowe mag gaan nie; ses-en-dertig myl of gedeeltes van ses-en-dertig myl word as een dag beskou vir getuies wat te perd of met enige ander vervoermiddel reis, en agtien myl of gedeeltes van agtien myl as een dag vir getuies wat te voet reis; en met die verstande verder dat waar daar gereis word met 'n skip of boot of ander vervoermiddel waar die reisgeld die kos en slaapplek insluit, geen onderhoudstoelae betaalbaar sal wees benewens sodanige reisgeld nie.

(5) As een persoon getuie is in meer as een saak in dieselfde hof op dieselfde dag is hy geregtig op toelae asof dit net een saak is, en sodanige toelae moet gelyk verdeel word onder al sulke sake.

(6) Waar daar meer as een soort vervoermiddel of reisroete redelik beskikbaar is, word die toelae volgens die een waaraan daar die minste koste verbonde is, bereken.

(7) Die hof het die mag om na goeddunke die betaling van getuiefooie af te wys. As daar voorsiening uit 'n ander bron vir 'n getuie se onderhoud gemaak word, ontvang hy nie 'n toelae vir onderhoud nie.

(8) As 'n gevangene of aangehoude persoon as getuie moet verskyn, moet die betrokke wet, regulasies of gebruik van die gevangenis of gestig nagekom word.

(9) Kinders onder die ouderdom van twaalf jaar word slegs helfte van die tarief soos in artikel een hierbo uiteengesit, betaal, en 'n nodige begeleidende voog of oppasser is geregtig op betaling volgens die tarief vasgestel vir 'n getuie van sy soort.

(10) Toelaes in verband met inspeksies *in loco* word op dieselfde basis betaal as vir bywoning van die hof.

(11) Ondanks enige andersluidende bepaling in hierdie regulasies vervat, kan die magistraat van die distrik waarin die saak verhoor word, die bepalings van hierdie tarief na goeddunke wysig in buitengewone of uitsonderlike gevalle waar die tarief in sy uitwerking beswarend sal wees.

case the number of days calculated on the aggregate mileage to and from the seat of court, thirty-six miles or fractions of thirty-six miles being reckoned to the day for witnesses travelling on horseback or other means of conveyance, and eighteen miles or fractions of eighteen miles as one day for witnesses travelling on foot; provided, further, that, in case of travelling by ship or boat or other means of conveyance, in which the passage or fare includes the supply of food and sleeping accommodation, no subsistence allowance shall be payable in addition to such passage or fare.

